

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Vrydag, 1 Mei 1959

WINDHOEK

Friday, 1st May, 1959

No. 2191

INHOUD.

CONTENTS.

Bladsy/Page

PROKLAMASIES:—

- No. 25. Wysigingsproklamasie ter Herbepaling van Landdrostdistrikte 1959
- No. 26. Publieke Paaie, Distrik Outjo: Proklamering en Sluiting van
- No. 27. Publieke Paaie, Distrik Outjo: Proklamering en Sluiting van
- No. 28. Paaie, Distrik Maltahöhe; Proklamering en Sluiting van
- No. 29. Publieke Pad, Distrikte Maltahöhe en Luderitz: Proklamering van

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- No. 82. Landdroshowe: Wysiging van Reëls van die Hof
- No. 85. Munisipaliteit van Otavi: Wysiging van Straat en Verkeersregulasies
- No. 86. Ondersoekbeamptes: Aanstelling en Herroeping van Aanstelling
- No. 87. Motorvoertuigoutoriteite: Aanstelling en Herroeping van Aanstelling
- No. 88. Munisipaliteit van Otjiwarongo: Pensioenfonds
- No. 89. Huweliksbevestiger: Aanstelling
- No. 90. Kommissaris van Ede: Aanstelling en Intrekking van Aanstelling
- No. 91. Hospitaalfooie, Staatsondersteunde Hospitaal Aranos
- No. 92. Huweliksbevestiger: Aanstelling
- No. 93. Blywende Sluiting van Publieke Pad 869 vir die Trek van Klein- of Grootvee
- No. 94. Vermindering van die Standaard Afstand tussen Heinings op Distrikspad No. 1001, Distrik Gibeon
- No. 95. Dorpsgebied Windhoek: Uitbreiding van Grense
- No. 96. Prysbeheer: Maksimum Pryse van Bier
- No. 97. Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing
- No. 1276/58 (Unie). Wet op Argiewe, 1953: Regulasies
- No. 522. (Unie) Doeanewet 1955: Oplegging van Gewone Dumpingreg
- No. 553. (Unie) Doeanewet 1955: Aanwysing van Deurvoerloodse

ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

- No. 44. Yking: Landdrostdistrikte Walvisbaai en Swakopmund
- No. 45. Bankeopgawe — Januarie 1959
- No. 46. Bankeopgawe — Februarie 1959
- No. 47. Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika: Vakature
- No. 244. (Unie) Bouverenigingsopgawes, Februarie 1959

ADVERTENSIES:—

- Boedelkennisgewings, ens., ens.

PROCLAMATIONS:—

- Redefinition of Magisterial Districts Proclamation Amendment Proclamation, 1959 326
- Public Roads, District Outjo: Proclamation and Closing of 327
- Public Roads, District Outjo: Proclamation and Closing of 327
- Roads, District Maltahöhe: Proclamation and Closing of 328
- Public Road, Districts Maltahöhe and Luderitz: Proclamation of 328

GOVERNMENT NOTICES:—

- Magistrates' Courts: Amendment of Rules of Court 329
- Municipality of Otavi: Amendment of Street and Traffic Regulations 337
- Examining Officers: Appointment and Cancellation of Appointment 338
- Motor Vehicle Authorities: Appointment and Cancellation of Appointment 339
- Municipality of Otjiwarongo: Pension Scheme 341
- Marriage Officer: Appointment 341
- Commissioners of Oaths: Appointment and Cancellation of Appointment 341
- Hospital Fees, State Aided Hospital Aranos 341
- Marriage Officer: Appointment 342
- Permanent Closing of Public Road 869 for the Trek of Small or Large Stock 342
- Decreasing of the Standard Distance between Fences on District Road No. 1001, District Gibeon 342
- Township of Windhoek: Extension of Boundaries 342
- Price Control: Maximum Prices of Beer 343
- Municipality of Windhoek: Amendment of Electricity Supply Regulations 343
- (Union) Archives Act, 1953: Regulations 349
- (Union) Customs Act, 1955: Imposition of Ordinary Dumping Duty 356
- (Union) Customs Act, 1955: Appointment of Transit Sheds 357

GENERAL NOTICES:—

- Assizing: Magisterial Districts of Walvis Bay and Swakopmund 357
- Banks' Statement — January, 1959 358
- Banks' Statement — February, 1959 358
- Legislative Assembly of South West Africa: Vacancy 259
- (Union) Building Societies Returns, February, 1959 359

ADVERTISEMENTS:—

- Estate Notices, etc., etc. 360

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS
VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-
AFRIKA.

No. 25 van 1959.]

NADEMAAL dit wenslik is om die grense van die landdrosdistrikte Karibib en Swakopmund in die Gebied Suidwes-Afrika te wysig;

SO IS DIT dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid aan my verleen by artikel twee van die Magistraats-howe Proklamasie 1935 (Proklamasie 31 van 1935) hierby soos volg proklameer, verklaar en bekend maak:—

1. Die eerste bylae van die Proklamasie ter Heromskrywing van Magistraatsdistrikte 1950 (Proklamasie 15 van 1950) soos gewysig, word hierby gewysig —

- (a) deur die vervanging in ITEM 6 van die woorde „verste noordelike hoekbaken van die plaas Marmor Pforte 37 in die Registrasie-afdeling G; vandaar algemeen weswaarts langs die grens van, en met insluiting van, die plaas Marmor Chuosberge 14 tot by die westelike hoekbaken van die genoemde plaas; vandaar noordwaarts in 'n reguit lyn tot by 'n punt waar die spoorlyn die suidwestelike grens van die plaas Vergenoeg 92 in die Registrasie-afdeling G sny; vandaar algemeen noordwaarts langs die grense van, en met insluiting van, die volgende plase in Registrasie-afdeling G:— Vergenoeg 92,” deur die woorde „suidwestelike hoekbaken van plaas 116 in die Registrasie-afdeling G; vandaar algemeen noordweswaarts langs die grense van, en met insluiting van, die volgende plase in Registrasie-afdeling G:— Plaas 116, Bloemhof 109, Valencia 122, Vergenoeg 92, Trekkopje 120”; en
- (b) deur die vervanging in ITEM 16 van die woorde „Vergenoeg 92 tot by 'n punt waar die spoorlyn die suidwestelike grens van die laasgenoemde plaas sny; vandaar suidwaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike hoekbaken van die plaas Marmor Chuosberge 14 in die distrik Karibib; vandaar algemeen ooswaarts langs die grense van, maar met uitsluiting van die bogenoemde plaas tot by die verste noordelike hoekbaken van die plaas Marmor Pforte 37 in die distrik Swakopmund;” deur die woorde „Trekkopje 120, Vergenoeg 92, Valencia 122, Bloemhof 109, Plaas 116 tot by die suidwestelike hoekbaken van die laasgenoemde plaas;”.

2. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie ter Herbepaling van Landdrosdistrikte 1959.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 28ste dag van Maart 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU
PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH
WEST AFRICA.

No. 25 of 1959.]

WHEREAS it is expedient to amend the boundaries of the magisterial districts of Karibib and Swakopmund in the Territory of South West Africa;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested by section two of the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 (Proclamation 31 of 1935), I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The First Schedule to the Re-definition of Magisterial Districts Proclamation, 1950 (Proclamation 15 of 1950), as amended, is hereby amended —

- (a) by the substitution in ITEM 6 for the words “furthest northern corner beacon of the farm Marmor Pforte No. 37 in the Registration Division G; thence generally westwards along the boundary of, and including the farm Marmor Chuosberge No. 14 to the western corner beacon of the said farm; thence northwards in a straight line to a point where the Railway line intersects the south-western boundary of the farm Vergenoeg No. 92, in the Registration Division G; thence generally northwards along the boundaries of and including the following farms in Registration Division G; Vergenoeg No. 92,” of the words “southwestern corner beacon of the Farm No. 116 in the Registration Division G; thence generally north-westwards along the boundaries of and including the following farms in the Registration Division G: Farm No. 116, Bloemhof No. 109, Valencia No. 122, Vergenoeg No. 92, Trekkopje No. 120”; and
- (b) by the substitution in ITEM 16 for the words “Vergenoeg No. 92, to a point where the Railway line intersects the south-western boundary of the lastmentioned farm; then southwards in a straight line to the western corner beacon of the farm Marmor Chuosberge No. 14 in the district of Karibib; then generally eastwards along the boundaries of but excluding the abovementioned farm to the northernmost corner beacon of the farm Marmor Pforte No. 37 in the district of Swakopmund;” of the words “Trekkopje No. 120, Vergenoeg No. 92, Valencia No. 122, Bloemhof No. 109, Farm No. 116 to the southwestern corner beacon of the lastmentioned farm;”.

2. This Proclamation shall be called the Re-definition of Magisterial Districts Proclamation Amendment Proclamation, 1959.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 28th day of March, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

No. 26 van 1959.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen deur Artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953) verklaar ek hierby dat Publieke Pad 2634, in die distrik van Outjo, soos beskryf in Bylae II van Proklamasie No. 56 van 1955 gesluit sal wees en dat die volgende pad in die distrik van Outjo, Publieke Pad 2634 sal wees:—

Vanaf 'n punt op Distrikspad 2625 op die plaas Rushof 509 algemeen ooswaarts oor die plase Rushof 509 en Goeiehoop 503 tot by 'n punt naby die opstal op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, hierdie 14de dag van April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 26 of 1959.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that Public Road 2634 in the district of Outjo as described in Schedule II of Proclamation No. 56 of 1955 shall be closed, and that the following road in the district of Outjo shall be Public Road 2634:

From a point on District Road 2625 on the farm Rushof 509 generally eastwards via the farms Rushof 509 and Goeiehoop 503 to a point near the homestead on the lastmentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 14th day of April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

No. 27 van 1959.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953) verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Outjo (beskryf in Bylae I hiervan) gesluit is, die pad beskryf in Bylae II hiervan 'n nuwe deel van Publieke Pad 2647 (beskryf in Bylae II van Proklamasie 56 van 1955) is en die pad beskryf in Bylae III hiervan 'n Publieke Pad is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, hierdie 14de dag van April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 27 of 1959.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953) I do hereby declare that the road in the district of Outjo as described in Schedule I hereto shall be closed, the road as described in Schedule II hereto shall be a new portion of Public Road 2647 as described in Schedule II of Proclamation 56 of 1955, and the road as described in Schedule III hereto shall be a Public Road.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 14th day of April, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

BYLAE I.

Beskrywing van Pad.

Gedeelte gesluit te word.

Die pad beskryf as Publieke Pad 2647 in Bylae II van Proklamasie 56 van 1955.

Vanaf 'n punt op Publieke Pad 2647 op die plaas Verpaaie 665 algemeen west-noordweswaards in die distrik Outjo oor die plase Verpaaie 665, die suidwestelike hoek van Moria 601 en Estorff 600 tot by 'n punt in die suidoostelike hoek van die laasgenoemde plaas, dan algemeen suidweswaarts oor die plase Estorff 600 en Leeukop 664 tot by 'n punt naby die westelike grens van die laasgenoemde plaas, dan algemeen noordweswaarts oor die plase Leeukop 664 en Tafelberg 706 tot by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

NUWE GEDEELTE VAN PUBLISKE PAD 2647.

In die distrik Outjo vanaf 'n punt op Publieke Pad 2647 op die plaas Verpaaie 665 algemeen noordooswaarts oor die plaas Verpaaie 665 tot by 'n punt naby die noordoostelike hoekbaken van genoemde plaas, dan algemeen noordweswaarts oor die plase Verpaaie 665 en Moria 601 al langs en wes van die noordoostelike grenslyn van laasgenoemde plaas vir 'n afstand van ongeveer 1100 jaarts, dan oor die grenslyn na die plaas Anker 602 en al langs en oos van die suidwestelike grenslyn van die laasgenoemde plaas om aan te sluit met Distrikspad 2650 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

BYLAE III.

PUBLIEKE PAD 2648.

In die distrik Outjo vanaf 'n punt op Publieke Pad 2646 op die plaas Leeukop 664 algemeen suidweswaarts

SCHEDULE I.

Description of Road.

Portion to be closed.

The road described as Public Road 2647 in Schedule II of Proclamation 56 of 1955.

From a point on Public Road 2647 on the farm Verpaaie 665 generally west-northwestwards in the district of Outjo via the farms Verpaaie 665, the southwestern corner of Moria 601 and Estorff 600 to a point in the southeastern corner of the last mentioned farm, thence generally southwestwards via the farms Estorff 600 and Leeukop 664 to a point near the western boundary of the last mentioned farm, thence generally northwestwards via the farms Leeukop 664 and Tafelberg 706 to a point near the homestead on the last mentioned farm.

SCHEDULE II.

NEW PORTION OF PUBLIC ROAD 2647.

In the district of Outjo from a point on Public Road 2647 on the farm Verpaaie 665 generally northeastwards via the farm Verpaaie 665 to a point near the northeastern corner beacon of the said farm, thence generally northwestwards via the farms Verpaaie 665 and Moria 601 along and west of the northeastern boundary of the last mentioned farm for a distance of approximately 1100 yards, crosses the boundary to the farm Anker 602 and along and east of the southwestern boundary of the last mentioned farm to connect with District Road 2650 at a point on the last mentioned farm.

SCHEDULE III.

PUBLIC ROAD 2648.

In the district of Outjo from a point on Public Road 2646 on the farm Leeukop 664 generally southwestwards

oor die plaas Leeukop 664 tot by 'n punt op genoemde plaas, dan algemeen noordweswaarts oor die plase Leeukop 664 en Tafelberg 706 tot by 'n punt naby die opstal op die laasgenoemde plaas.

via the farm Leeukop 664 to a point on the said farm, thence generally north-westwards via the farms Leeukop 664 and Tafelberg 706 to a point near the homestead on the last mentioned farm.

No. 28 van 1959.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953) verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Maltahöhe soos beskryf in bylae I hiervan gesluit is; die pad soos beskryf in bylae II hiervan 'n Publieke Pad is en die pad soos beskryf in bylae III hiervan 'n nuwe deel van Distrikspad 827 soos beskryf in Bylae III van Proklamasie No. 43 van 1954 is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, hierdie 14de dag van April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

BYLAE I.

Beskrywing van Pad. Gedeelte gesluit te word.

Die pad beskryf as Distrikspad 827 in Bylae III van Proklamasie 43 van 1954. Vanaf 'n punt op Grootpad 36 op die plaas Oorwinning 134 algemeen suid-suidweswaarts in die distrik Maltahöhe oor die plase Oorwinning 134 en Sesriem 137 tot by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

PUBLIEKE PAD 801.

In die distrik Maltahöhe vanaf 'n punt op Distrikspad 827 naby die opstal op die plaas Sesriem 137 algemeen noordooswaarts oor die plase Sesriem 137, Oorwinning 134, en Goedehoop 135 om aan te sluit met Grootpad 36 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

BYLAE III.

NUWE GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 827.

In die distrik Maltahöhe vanaf 'n punt op Distrikspad 827, naby die opstal op die plaas Sesriem 137, algemeen noordwaarts oor die plase Sesriem 137, suidwestelike hoek van Oorwinning 134 en Elim 163 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; dan algemeen noord-noordooswaarts oor die plase Elim 163 en Sukses 133 om aan te sluit met Grootpad 36 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

No. 29 van 1959.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrikte Maltahöhe en Luderitz Publieke Pad 869 is:—

In die distrik Maltahöhe vanaf 'n punt op Publieke Pad 823 naby die opstal op die plaas Aanster 147 algemeen wesnoordweswaarts oor die plaas Aandster 147 tot by 'n punt op die westelike grenslyn van genoemde plaas, dan voortgaande in die distrik Luderitz algemeen wesnoordweswaarts oor die plaas Gorrasis 99 om aan te sluit met Publieke Pad 829 by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, hierdie 14de dag van April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 28 of 1959.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the road in the district of Maltahöhe as described in Schedule I hereto shall be closed, the road as described in Schedule II hereto shall be a Public Road, and the road as described in Schedule III hereto shall be a new portion of District Road 827 as described in Schedule III of Proclamation 43 of 1954.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 14th day of April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

SCHEDULE I.

Description of Road. Portion to be closed.

The road described as District Road 827 in Schedule III of Proclamation 43 of 1954. From a point on Main Road 36 on the farm Oorwinning 134 generally south-southwestwards in the district of Maltahöhe via the farms Oorwinning 134 and Sesriem 137 to a point near the homestead on the last mentioned farm.

SCHEDULE II.

PUBLIC ROAD 801.

In the district of Maltahöhe from a point on District Road 827, near the homestead on the farm Sesriem 137 generally northeastwards via the farms Sesriem 137, Oorwinning 134 and Goedehoop 135 to connect with Main Road 36 at a point on the last mentioned farm.

SCHEDULE III.

NEW PORTION OF DISTRICT ROAD 827.

In the district of Maltahöhe from a point on District Road 827, near the homestead on the farm Sesriem 137, generally northwards via the farms Sesriem 137, south-western corner of Oorwinning 134 and Elim 163 to a point on the last mentioned farm, thence generally north-northeastwards via the farms Elim 163 and Sukses 133 to connect with Main Road 36 at a point on the last mentioned farm.

No. 29 of 1959.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953) I do hereby declare that the following road in the districts of Maltahöhe and Luderitz shall be Public Road 869:—

In the district of Maltahöhe from a point on Public Road 823 near the homestead on the farm Aandster 147 generally west-northwestwards via the farm Aandster 147 to a point on the western boundary of the said farm; thence continuing in the district of Luderitz via the farm Gorrasis 99 to connect with Public Road 829 at a point near the homestead on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 14th day of April 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 82.] [15 April 1959.

LANDDROSHOWE: WYSIGING VAN REËLS VAN DIE HOF.

Sy Edele die Administrateur van Suidwes-Afrika heg sy goedkeuring aan die wysigings van die Reëls van die Landdroshowe wat in die bylae hiervan verskyn en opgestel is deur die Regterpresident van die Hoë Hof van Suidwes-Afrika ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die Landdroshowe Proklamasie 1935 (Proklamasie 31 van 1935) soos gewysig.

Die Reëls in die tweede Bylae van die Landdroshowe Proklamasie 1935 (Proklamasie 31 van 1935) word soos volg gewysig: Hierdie wysigings tree op die eerste dag van Julie 1959 in werking.

BYLAE.

1. Reël 2, Order I: Vervang paragraaf (a) van subreël (2) deur die onderstaande paragraaf:—

„(a) Met die uitsondering van vorms 5A en 5B wat in alle opsigte met die voorbeelde moet ooreenstem, kan die vorms in die eerste aanhangsel vervat met dié wysigings wat omstandighede vereis, gebruik word. Nie-voldoening aan hierdie reël maak op sigself geen grond vir eksepsie uit nie, maar in enige hof waar 'n masjien aangebring is ten einde die uitreiking van dagvaardigings te vergemaklik, kan die klerk van die hof weier om enige dagvaarding wat, na voorgegee word, met vorm 5A of 5B ooreenstem en wat nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, uit te reik.”

2. Reël 4, Order II: Vervang hierdie reël deur die onderstaande reël:—

„4. Die geregsbode aan wie prosesstukke vir diening of tenuitvoerlegging toevertrou word, moet —

(a) die klerk van die hof en die party wat die prosesstuk uitgeneem het, in kennis stel dat diening of tenuitvoerlegging behoorlik uitgevoer is, met vermelding van datum en wyse van diening of die uitslag van die tenuitvoerlegging, en die genoemde prosesstuk aan die klerk van die hof terugbesorg; of

(b) die party wat die prosesstuk uitgeneem het, in kennis stel dat hy diening of tenuitvoerlegging nie kon uitvoer nie en die rede daarvoor vermeld en die genoemde prosesstuk aan die betrokke party terugbesorg. Die geregsbode moet 'n rekord hou van enige prosesstuk op hierdie wyse terugbesorg.”

3. Reël 5, Order II: Vervang hierdie reël deur die onderstaande reël:—

„5. Kennisgewing ingevolge reël 4 moet skriftelik geskied en die prosesstuk moet of deur aflewering of per geregistreerde pos terugbesorg word. In enige hof waarvoor 'n amptenaar van die Staatsdiens as geregsbode aangestel is, word die terugbesorging van prosesstukke geag behoorlik te geskied het as die genoemde prosesstukke in 'n houer wat spesiaal vir die prokureur van die party in die kantoor van genoemde geregsbode afgesonder is, geplaas word.”

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 82.] [15th April, 1959.

MAGISTRATES' COURTS — AMENDMENT OF RULES OF COURT.

The Honourable the Administrator of South West Africa has approved the amendments of the Rules of the Magistrates' Courts appearing in the Schedule hereto, framed by the Judge-President of the High Court of South West Africa under the provisions of sub-section (1) of section *twenty-three* of the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 (Proclamation 31 of 1935), as amended.

The rules contained in the Second Schedule to the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 (Proclamation 31 of 1935) are amended as follows: These amendments shall come into operation on the first day of July, 1959.

SCHEDULE

1. Rule 2, Order I: Substitute the following for paragraph (a) of sub-rule (2):—

“(a) With the exception of Forms 5A and 5B which shall in all respects conform to the specimens, the forms contained in the First Annexure may be used with such variation as circumstances may require. Non-compliance with this rule shall not in itself be a ground for exception but in any court in which a machine has been installed for the purpose of facilitating the issue of summonses, the clerk of the court may refuse to issue any summons purporting to be in the form of Form 5A or 5B which does not comply with the prescribed requirements.”

2. Rule 4, Order II: Substitute the following for this rule:—

“4. The messenger to whom process is entrusted for service or execution shall notify —

(a) the clerk of the court and the party who sued out the process that service or execution has been duly effected, stating the date and manner of service or the result of execution and return the said process to the clerk of the court; or

(b) the party who sued out the process that he has been unable to effect service or execution, and of the reason for such inability, and return the said process to such party. The messenger shall keep a record of any process so returned.”

3. Rule 5, Order II: Substitute the following for this rule:—

“5. Notification under rule 4 shall be in writing and the return of the process either by delivery or registered post. In any Court for which an officer of the Public Service has been appointed messenger, return shall be deemed to have been properly effected if the said process is placed in a receptacle specially set apart for the attorney of that party in the office of the said messenger.”

4. Order II: Voeg die onderstaande reëls na reël 5 by:—

„6. Na diening of gepoogde diening van enige prosesstuk moet die geregsbode op die oorspronklike en alle afskrifte daarvan die bedrag van sy koste aanteken.”

„7. Die Administrateur publiseer die naam van elke hof waarvoor 'n geregsbode wat 'n amptenaar van die Staatsdiens is, aangestel is by kennisgewing in die Offisiële Koerant.”

5. Reël 1, Order III:

(a) Vervang subreël (1) van hierdie reël deur die onderstaande subreël:—

„(1) Die klerk van die hof moet 'n register, bekend as die Register van Siviele Sake, hou en moet daarin in elke agtereenvolgende stadium van die aksie onverwyld aanteken:—

(a) die nommer van die aksie;

(b) die datum waarop die dagvaarding uitgereik is;

(c) die vonnis en die datum daarvan;

(d) die bedrag van die getakseerde koste;

(e) enige opmerkings wat deur hierdie reëls of die spesiale omstandighede van die geval vereis word.”

(b) Skrap subreël (2).

6. Reël 5, Order III: Voeg die onderstaande woorde in na die woord „teken” in subreël (1):—

„(met die hand, of deur 'n faksimilee van sy handtekening met 'n masjien aan te bring)”.

7. Reël 1, Order VII: Voeg die onderstaande sinne aan die slot van hierdie reël by:—

„Die dagvaarding insluitende die vorms en kennisgewing wat in subreël (1) van reël 2 hieronder voorgeskryf word, moet in gedrukte vorm wees. Vir die toepassing van hierdie reël word die genoemde dagvaarding, vorms en kennisgewings nie geag in gedrukte vorm te wees nie indien enige wesenlike deel van daardie gedeeltes daarvan wat by Reëls van die Hof voorgeskryf is, weergegee word deur handdrukskrif, roneo of gedupliseerde tikskrif.”

8. Reël 2, Order VII: Voeg die onderstaande sinne by na paragraaf (c) van subreël (1):—

„(Die kennisgewing wat in paragraaf (c) genoem word, moet in vet letters gedruk wees. By die toepassing van hierdie reël sluit die uitdrukking „gedruk” nie handdrukskrif, roneo of gedupliseerde tikskrif in nie)”.

9. Reël 3, Order VII: Skrap die woorde „Die bode moet by diening van die dagvering die bedrag van sy loon daarop endosseer.” in subreël (1).

10. Reël 2, Order X: Voeg die woorde „(in duplo)” in na die woord „versoek” waar dit vir die tweede keer in hierdie reël voorkom.

11. Reël 4, Order X: Voeg die onderstaande sinsnede by aan die slot van subreël (1):—

„en as die versoek om vonnis in duplo ingedien is, die eiser deur die terugsending van die afskrif met die uitslag en datum daarvan behoorlik daarop aangeteken in kennis stel.”

12. Reël 1, Order XVIII: Vervang die woord „diening” in subreël (3) deur die woord „inlewering”.

13. Reël 1, Order XXI: Vervang hierdie reël deur die onderstaande reël:—

„1. 'n Aansoek by die hof om 'n bevel wat 'n ander persoon raak, word behoudens andersluidende bepalings, gedoen deur middel van 'n kennisgewing wat kortliks die inhoud van die gevraagde bevel asook die tyd waarop die aansoek by die hof gedoen sal word, uiteensit. Inlewering van dié kennisgewing moet minstens drie dae voor die datum van verhoor geskied.”

14. Reël 5, Order XXV: Vervang subreël (9) deur die onderstaande subreël:—

„(9) (a) Roerende goedere wat ten uitvoerlegging van die prosesstuk van die bedoelde hof verkoop word, moet deur die bode of,

4. Order II: Add the following rules after rule 5:—

„6. After service or attempted service of any process the messenger shall endorse on the original and all copies the amount of his charges.

7. The Administrator shall by notice in the Official Gazette publish the name of every court for which a messenger who is an officer of the public service has been appointed.”

5. Rule 1, Order III:

(a) Substitute the following for sub-rule (1) of this rule:—

“(1) The clerk of the court shall keep a book to be called the civil record book and shall enter therein forthwith at each successive stage of the action:—

(a) The number of the action;

(b) the date of issue of summons;

(c) the judgment and date thereof;

(d) the amount of taxed costs;

(e) any remarks required by these rules or by the special circumstances of the case.”

(b) Delete sub-rule (2).

6. Rule 5, Order III: After the word “sign” in sub-rule (1) insert the following:—

“(manually or by machining a facsimile of his signature)”.

7. Rule 1, Order VII: Add the following at the end of this rule:—

“The summons including the forms and notice prescribed in sub-rule (1) of rule 2, hereunder, shall be in printed form. For purpose of this rule the said summons, forms and notices shall not be regarded as being in printed form if any substantial part of those portions thereof which have been prescribed by Rule of Court have been reproduced by handprinting, Roneo or duplicated typing.”

8. Rule 2, Order VII: Add the following after paragraph (c) of sub-rule (1):—

“(The notice referred to in paragraph (c) shall be printed in bold type. For purposes of this rule the expression ‘printed’ does not include hand-printing, Roneo or duplicated typing)”.

9. Rule 3, Order VII: Delete the words “The messenger shall endorse the amount of his charges on the summons on service thereof” in sub-rule (1).

10. Rule 2, Order X: Insert the words “(in duplicate)” after the word “request” where it appears for the second time in this rule.

11. Rule 4, Order X: Add the following at the end of sub-rule (1):—

“and if the request for judgment was lodged in duplicate notify the plaintiff by returning the duplicate copy to him duly endorsed as to the result and the date thereof.”

12. Rule 1, Order XVIII: Substitute the word “Delivery” for the word “Service” in sub-rule (3).

13. Rule 1, Order XXI: Substitute the following for this rule:—

“1. Except where otherwise provided, an application to the court for an order affecting any other person shall be on notice, stating shortly the terms of the order applied for and the time when the application will be made to the court. Delivery of such notice shall be effected not less than three days before the date of hearing.”

14. Rule 5, Order XXV: Substitute the following for sub-rule (9):—

“(9) (a) Any movable property sold in execution of the process of the said court shall be sold publicly and for cash by the messenger or with the ap-

met die toestemming van die landdros deur 'n afslaer of ander persoon deur die bode benoem, in die openbaar teen kontant aan die hoogste bieër verkoop word op die plek waar beslag op die goedere gelê is of waarheen hulle aldus verwyder is of so naby daaraan soos vir die verkoop daarvan voordelig is;

- (b) die eksekusieskuldeiser moet, na oorlegpleging met die bode, 'n kennisgewing van die verkoping opstel en twee afskrifte daarvan aan die bode verskaf op so 'n tydstip dat die een afskrif minstens sewe dae voor die dag wat vir die verkoping bepaal is, op die kennisgewingsbord of die deur van die hofgebou of 'n ander openbare gebou in die plek waar die hof gehou word, en die ander op of so naby moontlik aan die plek waar die verkoping werklik gaan plaasvind, aangeplak kan word;
- (c) as die bode van mening is dat die waarde van die goedere waarop beslag gelê is, meer as vyftig pond is, moet hy 'n plaaslike of ander nuusblad wat in die distrik gelees word, aanwys en vereis dat die eksekusieskuldeiser die kennisgewing van verkoping in daardie nuusblad publiseer, benewens die nakoming van subreël 9 (b), en hom van 'n eksemplaar van die genoemde nuusblad waarin die kennisgewing verskyn het, voorsien voor of op die dag voor die dag van die verkoping."

15. Reël 10, Order XXV:

- (a) Vervang subreël (1) deur die onderstaande subreël:—

„(1) (a) Die bode moet 'n dag en plek vir die verkoop van die goed bepaal en so 'n dag moet, behalwe met die spesiale verlof van die hof, nie bepaal word vir 'n vroeër datum as een maand nadat die kennisgewing van beslaglegging gedien is nie;

(b) die vonnisculdeiser moet na oorlegpleging met die bode, 'n kennisgewing van die verkoping opstel wat 'n kort beskrywing van die goed, die ligging daarvan, die tyd en plek van die verkoping en die vernaamste verkoopvoorwaardes bevat, en die bode van soveel afskrifte van die kennisgewing soos hy vereis, voorsien;

(c) die bode moet een Afrikaanse en een Engelse nuusblad wat gelees word in die distrik waarin die goed geleë is, aanwys en vereis dat die eksekusieskuldeiser die genoemde kennisgewing een maal in elk van die genoemde nuusblaaie en in die *Offisiële Koerant* publiseer en hom voor of op die dag van die verkoping van 'n eksemplaar van elk van die genoemde nuusblaaie en van die nommer van die *Offisiële Koerant* waarin die kennisgewing verskyn het, voorsien;

(d) die bode moet minstens sewe dae voor die dag van die verkoping 'n afskrif van die kennisgewing van die verkoping in paragraaf (b) genoem per geregistreerde pos aan elke vonnisculdeiser wat die beslaglegging op die genoemde onroerende goed laat geskied het en aan elke verbandhouer daarvan wie se adres geredelik vasgestel kan word, stuur;

(e) die bode moet minstens sewe dae voor die dag wat vir die verkoping bepaal is, een afskrif van die kennisgewing op die kennisgewingsbord of deur van die hofgebou of 'n ander openbare gebou op die plek waar die hof gehou word, en een afskrif op of so naby moontlik aan die plek waar die genoemde verkoping werklik gaan plaasvind, aanplak."

- (b) Vervang subreël (7) deur die onderstaande subreël:—

„(7) Die verkoping vind plaas voor die hofgebou van die distrik, of, indien grondige redes daartoe aangevoer word, op 'n ander plek wat die landdros bepaal."

- (c) Skrap die woorde „op grond van voormelde sertifikaat" in subreël (9).

16. Reël 2, Order XXVI: Hernommer die huidige reël subreël (1) en voeg die onderstaande subreël by:—

„(2) Enige eiser wat aanspraak maak op goed in besit van die bode moet sy aanspraak staaf deur

proval of the magistrate by an auctioneer or other person appointed by the messenger, to the highest bidder, at or as near to the place where the same was taken or to which the same had been so removed as aforesaid as may be advantageous for the sale thereof;

- (b) the execution creditor shall, after consultation with the messenger, prepare a notice of sale and furnish two copies thereof to the messenger in sufficient time to enable one copy to be affixed not later than seven days before the day appointed for the sale on the notice board or door of the court-house or other public building in the place where the said court is holden and the other at or as near as may be to the place where the said sale is actually to take place;

- (c) if in the opinion of the messenger the value of the goods attached exceeds fifty pounds he shall indicate some local or other newspaper circulating in the district and require the execution creditor to publish the notice of sale in that newspaper in addition to complying with sub-rule 9(b) and to furnish him with a copy of the said paper in which the publication appeared not later than the day preceding the date of sale."

15. Rule 10, Order XXV:

- (a) Substitute the following for sub-rule (1):—

“(1) (a) The messenger shall appoint a day and place for the sale of such property, such day being, except by special leave of the court, not less than one month after service of the notice of attachment;

(b) the judgment creditor shall, after consultation with the messenger, prepare a notice of sale containing a short description of the property and its situation, the time and place for the holding of the sale and the material conditions thereof and furnish the messenger with as many copies of the said notice as he may require;

(c) the messenger shall indicate one English and one Afrikaans newspaper circulating in the district in which the property is situated and require the execution creditor to publish the said notice once in each of the said newspapers and in the Official Gazette and to furnish him not later than the day prior to the date of the sale with one copy of each of the said papers and with the number of the Official Gazette in which the notice appeared;

(d) not less than seven days prior to the date of the sale the messenger shall forward by registered post a copy of the notice of sale referred to in paragraph (b) to every judgment creditor who had caused the said immovable property to be attached and to every mortgagee thereof whose address is reasonably ascertainable;

(e) not later than seven days before the day appointed for the sale the messenger shall affix one copy of the notice on the notice board or door of the court-house or other public building in the place where the said court is holden and one copy at or near as may be to the place where the said sale is actually to take place."

- (b) Substitute the following for sub-rule (7):—

“(7) The sale shall be held in front of the court-house of the district or for good cause shown at such other place as the magistrate may determine."

- (c) Delete the words “upon such certificate” in sub-rule (9).

16. Rule 2, Order XXVI: Renumber the existing rule as sub-rule (1) thereof and add the following sub-rule:—

“(2) Any claimant who makes claim to goods in the possession of the messenger shall support his

'n beëdigde verklaring in drievoud, wat besonderhede daarvan en van hoe dit ontstaan het, uiteensit. Die bode moet een afskrif van die beëdigde verklaring aan die vonnisskuldeiser en een afskrif aan die vonnisskuldenaar stuur."

17. Reël 3, Order XXVI: Vervang die woorde „betrokke fooi, voorsien in artikel een (1) (a) of (b) van Tabel D" deur die woorde „fooi wat in item 1 van Tabel D voorgeskryf word."

18. Reël 4, Order XXXII: Vervang subreël (1) deur die onderstaande subreël:—

„(1) Die lone en koste wat 'n geregsbode wat 'n amptenaar van die Staatsdiens is, kan bereken is dié wat in Deel II van Tabel B van die Tweede Aanhangsel voorgeskryf is, en in die geval van enige ander geregsbode dié wat in Deel I van die genoemde Tabel en Aanhangsel voorgeskryf is."

19. Reël 2, Order XXXV:

(a) Vervang subreël (3) deur die onderstaande subreël:—

„(3) Snelskrifaantekeninge wat ingevolge subreël (1) opgeteken is, moet deur die snelskrywer as juis gewaarmerk word en deur die klerk van die hof by die stukke in die saak bewaar word. Snelskrifaantekeninge word in gewone skrif oorgeskrif slegs indien die regterlike amptenaar dit gelas en in dié geval moet een afskrif van die oorskrywing, wat deur die persoon wat dit doen, as juis gewaarmerk word, ook by die stukke in die saak bewaar word."

(b) Vervang subreël (5) deur die onderstaande subreël:—

„(5) In enige geval waar 'n oorskrywing nie ingevolge subreël (3) gelas is nie kan enigeen by kennisgewing aan die klerk van die hof 'n oorskrywing versoek en die regterlike amptenaar deur wie die saak verhoor is of, indien hy nie beskikbaar is nie, 'n ander regterlike amptenaar, kan na goeddunke 'n oorskrywing gelas. Indien die persoon vir wie 'n oorskrywing aldus gelas word iemand anders as die vervolger of die beskuldigde is, moet hy aan die klerk van die hof 'n bedrag van 4d. vir elke 72 woorde of gedeelte daarvan van die oorskrywing betaal en by die klerk van die hof 'n bedrag wat voldoende is om die benaderde koste te dek, vooruit deponeer."

20. Voeg die onderstaande nuwe Order by na Order XXXV:

„ORDER XXXVbis.

„*Prosedure om getuies te verplig om in strafsake te verskyn.*

1. (1) Die geregtelike prosesstuk om 'n persoon te verplig om voor die hof te verskyn om getuie in enige strafsake af te lê of om boeke, papiere of dokumente oor te lê, is 'n dagvaarding wat deur die party wat die verskyning van dié persoon verlang, opgestel word en deur die klerk van die hof uitgereik word.

(2) Die oorspronklike dagvaarding en soveel afskrifte daarvan soos daar getuies is wat gedagvaar moet word, moet besorg word aan die bode, adjunkbode of ander persoon wat gemagtig is om dagvaardings in die gebied waar die getuie woonagtig is, te dien, of aan die persoon in subartikel (2) van artikel *veertien* van die Proklamasie genoem, na gelang van die geval.

(3) 'n Afskrif van die dagvaarding moet op die getuie gedien word deur dit aan hom te oorhandig of deur dit by sy woning of besigheidsplek aan iemand wat blykbaar nie jonger as sestien jaar is nie en blykbaar daar woon of daar werk te oorhandig.

(4) As die persoon op wie 'n dagvaarding gedien moet word, sy woning of besigheidsplek gesluit hou ten einde die diening van die dagvaarding te verhinder, is dit voldoende diening as 'n afskrif daarvan aan die buite- of hoofdeur van sodanige woning of besigheidsplek geheg word.

claim by affidavit in triplicate, setting forth particulars thereof and how it arose. The messenger shall forward one copy of such affidavit to the judgment creditor and another copy to the judgment debtor."

17. Rule 3, Order XXVI: Substitute the words "fee prescribed in item 1 of Table D" for the words "appropriate fee provided in section *one* (1) (a) or (b) of Table D".

18. Rule 4, Order XXXII: Substitute the following for sub-rule (1):—

"(1) The fees and charges to be taken by a messenger who is an officer of the public service shall be those prescribed in Part II of Table B of the Second Annexure and in the case of any other messenger those prescribed in Part I of the said Table and Annexure."

19. Rule 2, Order XXXV:

(a) Substitute the following for sub-rule (3):—

"(3) Shorthand notes taken in terms of sub-rule (1) shall be certified as correct by the writer and filed with the record of the case by the clerk of the court. Shorthand notes shall be transcribed only if the judicial officer so directs in which event one copy of the transcription certified as correct by the person making it shall also be filed with the record."

(b) Substitute the following for sub-rule (5):—

"(5) In any case in which a transcription was not ordered in terms of sub-rule (3) any person may on notice to the clerk of the court request a transcription and the judicial officer who tried the case, or if he is not available any other judicial officer, may in his discretion direct such transcription to be made. If the person for whom a transcription is directed to be made is a person other than the prosecutor or the accused, he shall pay to the clerk of the court a fee of 4d. for every 72 words or part thereof of such transcription and deposit with the clerk of the court in advance a sum sufficient to cover the approximate cost."

20. Add the following new Order after Order XXXV:—

"ORDER XXXV bis.

Procedure for Securing the Attendance of Witnesses in Criminal Cases.

"1. (1) The process for securing the attendance of any person before the court to give evidence in any criminal case or to produce any books, papers or documents shall be by subpoena prepared by the party desiring the attendance of that person and issued by the clerk of the court.

(2) The original subpoena and so many copies thereof as there are persons to be subpoenaed, shall be delivered to the messenger, deputy-messenger or other person authorized to serve subpoenas in the area where the witness is residing or to the person mentioned in sub-section (2) of section *fourteen* of the Proclamation as the case may be.

(3) A copy of the subpoena shall be served upon the witness personally or at his residence or place of business or employment by delivering it to some person thereat who is apparently not less than sixteen years of age and apparently residing or employed thereat.

(4) If the person to be served with a subpoena keeps his residence or place of business closed so as to prevent the service of the subpoena, it shall be sufficient service to affix a copy thereof to the outer or principal door of such residence or place of business.

(5) Die persoon wat die dagvaarding dien, moet, as die persoon op wie dit gedien word, dit verlang, die oorspronklike aan hom vertoon.

(6) Die persoon wat die dagvaarding dien, moet 'n relaas van diening doen deur op die oorspronklike of 'n dokument daaraan geheg die wyse waarop die dagvaarding gedien is, aan te teken. Die oorspronklike moet aan die klerk van die hof uit wie se kantoor dit uitgereik is, terugbesorg word."

EERSTE AANHANGSEL.

Wysig die voorgeskrewe vorms soos volg:—

(a) Vervang die vorm met die opskrif „No. 1 — Siviele Sakeboek van die” deur die volgende vorm:—

„Register van Siviele Sake van die Landdroshof van gehou te

Nummer van Aksie	Datum van uitreiking van dagvaarding	Vonnis	Datum van Vonnis	Getakseerde koste	Opmerkings
------------------	--------------------------------------	--------	------------------	-------------------	------------

(b) Vorm 6, Vorm 7 en Vorm 8 word hierby ingetrek en vervang deur die onderstaande vorms:—

„Uitgereik deur — No. 5s.
Klerk van die hof. Datum Inkomste-seël.

NO. 5A — DAGVAARDING WAARDEUR AKSIE BEGIN WORD.

Uitgeneem deur —
Naam en adres van eiser of sy prokureur
Posadres

Handtekening van eiser of sy prokureur.

In die Landdroshof vir die Distrik

Gehou te

Tussen eiser en
..... verweerder.

Aan

U word hierby gedagvaar om binne dae nadat hierdie dagvaarding op u gedien is, by die klerk van bogenoemde hof en ook by die eiser of sy prokureur by die adres hierin genoem verskyning aan te teken of te laat aanteken ten einde te antwoord op die eis van die eiser in hierdie saak, vir £ met koste, waarvan die besonderhede hieronder aangeteken is.

En neem kennis dat as u in gebreke bly om dit te doen, u geag sal word voormelde eis te erken het, en die eiser met die saak kan voortgaan en vonnis in u afwesigheid teen u gevel kan word; maar dat vonnis nie in hierdie saak teen u gevel sal word nie as u genoemde eis met koste binne voormelde tydperk aan die klerk van bogenoemde hof betaal; en dat indien u minstens 24 uur voor die verstryking van voormelde tydperk, aldus betaal, of u toestemming tot vonnis by my indien, u die vonnis-koste sal bespaar.

En neem verder kennis dat —

- (1) indien u enige eksepsie of eis in rekonvensie wil aanvoer, u binne sewe dae na verskyning by die klerk van bogenoemde hof en by genoemde eiser of sy prokureur 'n skriftelike verklaring van die aard en die gronde daarvan moet indien; en
- (2) indien u 'n verweer op die meriete aanvoer, u binne sewe dae na verskyning aldus 'n skriftelike verklaring moet inlewer waarin die aard en gronde van sodanige verweer aangegee word.

Koste, as die aksie nie verdedig word nie, sal as volg wees:—

(5) The person serving the subpoena shall, if required by the person upon whom it is served, exhibit to him the original.

(6) The person serving the subpoena shall make a return of service by endorsing on the original or on a document attached thereto the manner in which the subpoena was served. The original shall be returned to the clerk of the court out of whose office it was issued."

FIRST ANNEXURE.

Make the following amendments to the prescribed forms:—

(a) Substitute the following form for the form headed "No. 1 — Civil Record Book of the” — "Civil Record Book of the Magistrate's Court of held at

Number of Action	Date of issue of summons	Judgment	Date of Judgment	Taxed Costs	Remarks
------------------	--------------------------	----------	------------------	-------------	---------

(b) Form No. 6, Form No. 7 and Form No. 8 is hereby withdrawn and substituted by the following:—

“Issued By No. 5s.
Clerk of the Court, Date Revenue Stamp.

NO. 5 A — SUMMONS COMMENCING ACTION.

Sued out by
Name and Address of Plaintiff or his Attorney
Postal Address

Signature of Plaintiff or his Attorney.

In the Magistrate's Court, for the District of

held at

Between Plaintiff and
..... Defendant.

To

You are hereby summoned that you do within days after the service of this Summons upon you, enter or cause to be entered with the Clerk of the aforesaid Court and also the Plaintiff or his Attorney at the address specified herein an appearance to answer the claim of the Plaintiff herein for £ and costs, particulars whereof are endorsed hereunder.

And take notice that in default of your doing so you will be held to have admitted the said claim, and the plaintiff may proceed therein and judgment may be given against you in your absence; but that, on payment of the said claim and costs to the Clerk of the aforesaid Court within the said time judgment will not be given against you herein; and that if at least 24 hours before the expiration of the said time, you so pay or lodge with me a consent to judgment, you will save judgment charges.

And further take notice that:—

- (1) If you allege any exception or claim in reconvention, you must within seven days after appearance, deliver to the Clerk of the aforesaid Court and to the said Plaintiff or his Attorney, a statement in writing of the nature and grounds thereof; and
- (2) If you allege a defence on the merits, you must, within seven days after appearance so deliver a statement in writing showing the nature and grounds of such defence.

Costs if the action is undefended, will be as follows:—

	Dagvaarding			Vonnis		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Prokureurskoste						
Hofgelde						
Bodegelde						
Totale	£			£		
Totaal				£		

	Summons			Judgment		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Attorney's charges						
Court Fees						
Messenger's Fees						
Totals	£			£		
Total				£		

Vir gelisensieerde hotelle, losieshuise en teekamers wat as sodanige deur in die Raad erken word waar stroom gereeld vir kookdoeleindes gebruik word en waar huishoudelike toestelle met 'n berekende totaal van nie minder as 8,000 watt ingerig is nie, hang die vaststelling van vorderings af van die aantal vertrekke in 'n gebou of dit bedraad is al dan nie, en voorts of deur die bewoner bewoon al dan nie, is die heffing soos volg:

Minimum heffing: 7/6 per kamer met 'n minimum van £3.15.0 per kalendermaand of gedeelte daarvan meer as 7 dae of £1.0.0. vir 7 dae of minder.

Eenheidshffing:

- (i) Geen heffing vir die eerste 6 eenhede per kamer nie tensy toevoer vir 7 dae of minder is in welke geval geen heffing vir die eerste 16 eenhede gemaak word nie.
- (ii) 1½d. per eenheid daarna.

Vir die doeleindes van hierdie skaal sluit kamers, slaapkamers, voorportale, biljaartkamers, kaartspelkamers, eetkamers, kombuise, sitkamers, rookkamers, skryfkamers, monsterkamers, gange, sale, buitekamers, bediendekamers, ens., in, elkeen tot en met 25 vierkante meter en elke verdere 25 vierkante meter of gedeelte van elke kamer of vertrek, maar sluit nie stoepe, breë gange, pakkamers, kaste, badkamers en binnenshuise geriewe in nie en die klassifikasie van 'n vertrek berus afdoende by die Raad.

(iv) Skaal 4:

Vir raadserkende hospitale 1½d. per eenheid met 'n addisionele basiese aanslag van £2 per kalendermaand of gedeelte daarvan.

(v) Skaal 5:

Vir voorsiening in groot maat of vir nywerheidsdoeleindes is die tarief soos volg met 'n minimum heffing van 10/- per kalendermaand of gedeelte daarvan:—

- (a) (i) Vir die eerste 5 eenhede per kalendermaand per perdekrug ingerig: 5d. per eenheid.
- (ii) Vir eenhede bokant 5 eenhede per kalendermaand per perdekrug ingerig: 3d. per eenheid.
- (b) Vir warmwatertoestelle met 'n minimale kragverbruik van 5 kilowatt, mits ligstroom volgens Skaal I verbruik word, gelde teen 1½d. per eenheid.

(iii) Scale 3:

For licenced hotels, boarding houses and tearooms, recognised as such by the Council where current is regularly used for cooking and where household appliances rated at not less than 8,000 watts have been installed the assessment of charges shall be based on the number of rooms in a building, whether wired or not or whether or not occupied by the consumer, as follows:

Minimum charge: 7/6 per room with a minimum of £3.15.0. per calender month or portion thereof exceeding 7 days or £1.0.0. for 7 days or less.

Unit Charge

- (i) No charge for the first 6 units per room unless the supply is for 7 days or less in which case no charge is made for the first 16 units.
- (ii) 1½d. per unit thereafter.

For the purposes of this scale rooms shall include bedrooms, lounges, billiard rooms, card rooms, dining rooms, kitchens, sitting rooms, smoking rooms, writing rooms, sample rooms, passages, halls, outrooms, servants quarters, etc., each up to 25 square metres and each additional 25 square metres or portion thereof of each room or compartment but shall not include verandahs, corridors, storerooms, cupboards, bathrooms and indoor conveniences and it shall be entirely in the discretion of the Council to decide whether any room is suitably classified.

(iv) Scale 4:

For institutions recognised as public hospitals by the Council, the tariff shall be 1½d. per unit with cover charge of £2 per calender month or portion thereof in addition.

(v) Scale 5:

For supply in bulk or for industrial purposes the tariff shall be the following with a minimum charge of 10/- per calender month or portion thereof:

- (a) (i) For the first 5 units per calender month per H.P. installed: 5d. per unit.
- (ii) For all above 5 units per calender month per H.P. installed: 3d. per unit.
- (b) Where geysers with a total minimum capacity of 5 kilowatt are installed and provided that current for lighting is consumed under Scale 1, the fee of 1½d. per unit will be charged.

No. 1276/1958 (Unie).]

[5 September 1958.

Dit het Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap behaag om kragtens die bepalings van artikel dertien van Wet No. 22 van 1953, die volgende regulasies goed te keur:—

Regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Argiewe, 1953. (Wet No. 22 van 1953.)

DEEL I.

SAMESTELLING EN VERGADERINGS VAN DIE ARGIEFKOMMISSIE EN VAN DIE STAANDE KOMITEES VAN DIE ARGIEFKOMMISSIE.

1. (1) Die Argiefkommissie, hierna genoem die Kommissie, bestaan uit soveel lede, maar nie minder as nege nie, as wat die Minister bepaal en waarvan minstens—

- (a) een 'n regter;
- (b) een 'n erkende Afrikaanse taalkundige; en
- (c) een 'n erkende Engelse taalkundige is.

No. 1276/1958 (Union).]

[5th September, 1958.

The Honourable the Minister of Education, Arts and Science, has been pleased to approve of the following regulations in terms of section thirteen of Act No. 22 of 1953.

Regulations framed under the Archives Act, 1953 (Act No. 22 of 1953.)

PART I.

CONSTITUTION AND MEETINGS OF THE ARCHIVES COMMISSION AND OF THE STANDING COMMITTEES OF THE ARCHIVES COMMISSION.

1. (1) The Archives Commission, hereinafter referred to as the Commission, shall consist of as many members, but not less than nine, as may be determined by the Minister, and of whom at least—

- (a) one shall be a judge,
- (b) one shall be a recognised Afrikaans philologist, and
- (c) one shall be a recognised English philologist.

(2) Een lid van die Kommissie word op aanbeveling van die Administrateur van die gebied Suidwes-Afrika aangestel.

(3) Benewens die lede in subregulasies (1) en (2) genoem, woon die Hoofargivaris en die Assistent-hoofargivaris amptelik vergaderings van die Kommissie by en het reg tot stemming.

AMPSTERMYN VAN LEDE.

2. Elke lid van die Kommissie beklee sy amp vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of tot sy bedanking uit sy amp of die intrekking van sy aanstelling deur die Minister.

3. By verstryking van die tydperk in regulasie 2 genoem, kan 'n lid van die Kommissie vir 'n verdere tydperk aangestel word.

4. 'n Lid van die Kommissie kan uit sy amp bedank per brief geadresseer aan die sekretaris van die Kommissie. Die sekretaris van die Kommissie stuur dié brief aan die sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, vir die inligting van die Minister, en stel die Kommissie op sy eersvolgende vergadering van die bedanking in kennis.

5. Daar word beskou dat 'n lid van die Kommissie uit sy amp bedank het as hy sonder verlof van die Kommissie van twee agtereenvolgende gewone vergaderings afwesig is.

6. 'n Lid wat aangestel is om 'n vakature, veroorsaak deur die afsterwe, bedanking of intrekking van die aanstelling van 'n lid van die Kommissie aan te vul, beklee sy amp vir die onverstreke ampstermyn van sodanige lid.

7. Die Minister kan die aanstelling van 'n lid van die Kommissie wat hy benoem het, te eniger tyd intrek.

8. Die Kommissie kan aan enige lid daarvan verlof toestaan om afwesig te wees van vergaderings vir die tydperk wat die Kommissie goeddink. 'n Lid wat om verlof aansoek gedoen het, kan by die Minister appelleer as die Kommissie dit weier, en die Minister kan, na oorweging van die appél, die weiering bekragtig of die Kommissie gelas om die verlof toe te staan.

REIS- EN VERBLYFKOSTE VAN LEDE VAN DIE KOMMISSIE.

9. 'n Lid van die Kommissie wat nie voltyds in 'n Regeringskantoor werksaam is nie, ontvang £3.3s. vir elke dag wat hy 'n vergadering van die Kommissie bywoon.

Verder is hy geregtig op betaling teen £3. 3s. per dag (gedeeltes van 'n dag bereken teen een vier-entwintigste vir elke voltooid uur) van die tyd op reis oorland deurgebring na of van die vergaderplek van die Kommissie of terwyl hy noodsaaklikerwys werk namens die Kommissie weg van sy gewone woonplek af verrig. In geen geval sal 'n lid van die Kommissie geregtig wees op meer as £3. 3s. 0d. vir enige tydperk van vier-entwintig uur gereken van middernag tot middernag.

10. 'n Lid van die Kommissie wat nie in 'n Regeringskantoor werksaam is nie ontvang 'n eersteklas-retoertreinkaartjie wanneer hy per trein reis om 'n vergadering van die Kommissie by te woon of om ander diens te verrig.

11. Vir 'n reis in diens van die Kommissie of vir die bywoning van 'n vergadering van die Kommissie wat nie in sy geheel per trein afgelê kan word nie kan 'n lid gebruik maak van sodanige vervoer as wat die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap in oorleg met die Tesourie van tyd tot tyd bepaal.

12. Die bepalinge van regulasies 9 tot 11 is van toepassing op lede van die Kommissie wanneer hulle in 'n kragtens subartikel (2) van artikel drie van die Wet aangestelde komitee, hierna 'n komitee genoem, dien.

SEKRETARIELE PLIGTE.

13. Die Hoofargivaris benoem 'n lid van sy personeel om die pligte van sekretaris van die Kommissie of van 'n komitee waar te neem.

14. Die sekretaris van die Kommissie hou die notule op alle vergaderings en behartig ook al die sekretariële

(2) One member of the Commission shall be appointed on the recommendation of the Administrator of the Territory of South West Africa.

(3) In addition to the members referred to in sub-regulations (1) and (2), the Chief Archivist and the Assistant Chief Archivist shall attend meetings of the Commission *ex officio* and shall have the right to vote.

TERM OF OFFICE OF MEMBERS.

2. Every member of the Commission shall hold office for a period of not more than three years or until his resignation of office or the cancellation of his appointment by the Minister.

3. On the expiration of the period referred to in regulation 2 a member of the Commission may be appointed for a further period.

4. A member of the Commission may resign office by letter addressed to the Secretary of the Commission. The Secretary of the Commission shall forward this letter to the Secretary for Education, Arts and Science for the information of the Minister and shall at its next meeting advise the Commission of the resignation.

5. A member of the Commission shall be deemed to have resigned office if he is absent from two consecutive ordinary meetings without the permission of the Commission.

6. A member appointed to fill a vacancy caused by the death, resignation or cancellation of appointment of a member of the Commission shall hold office for the unexpired term of office of such member.

7. The Minister may at any time cancel the appointment of a member of the Commission appointed by him.

8. The Commission may grant leave of absence from meetings to any one of its members for a period which it deems fit. A member who has applied for leave may appeal to the Minister should such leave be refused by the Commission, and the Minister may, after consideration of the appeal, either confirm the refusal or order the Commission to grant the leave.

TRAVELLING AND SUBSISTENCE EXPENSES OF MEMBERS OF THE COMMISSION.

9. A member of the Commission who is not employed full-time in a government office shall receive £3. 3s. for every day he attends a meeting of the Commission.

He shall furthermore be entitled to remuneration at the rate of £3. 3s. per day (portions of a day calculated at one twenty-fourth for every complete hour) of the time spent in travelling overland to or from the venue of the meeting of the Commission or while he of necessity performs work on behalf of the Commission away from his normal place of residence. In no case shall a member of the Commission be entitled to more than £3. 3s. for any period of twenty-four hours calculated from midnight to midnight.

10. A member of the Commission who is not employed in a government office shall receive a first-class return rail ticket when travelling by train to attend a meeting of the Commission or to perform other duties.

11. When a journey undertaken on duty for the Commission or for the purpose of attending a meeting of the Commission cannot be wholly completed by train, a member may make use of such transport as the Secretary for Education, Arts and Science may from time to time determine in consultation with the Treasury.

12. The provisions of regulations 9 to 11 shall apply to members of the Commission when serving on a committee appointed in terms of sub-section (2) of section three of the Act, hereinafter referred to as a committee.

SECRETARIAL DUTIES.

13. The Chief Archivist shall appoint a member of his staff to perform the duties of Secretary of the Commission or of a committee.

14. The Secretary of the Commission shall keep the minutes at all meetings and shall also undertake all the

werk wat met die vergaderings van die Kommissie, of die uitvoering van die funksies van die Kommissie, gepaard gaan.

15. Die sekretaris van die Kommissie stuur, minstens ses weke voor die gewone vergadering van die Kommissie, die agenda van die vergadering, asook die konsepjaarverslag van die Kommissie, aan lede. Die sekretaris is verantwoordelik vir die opstel van gemelde verslag.

16. So gou doenlik na die afloop van 'n vergadering van die Kommissie, word die konsep-notule van die vergadering onder die lede gesirkuleer.

17. Binne dertig dae nadat die sekretaris van die Kommissie die konsep-notule gesirkuleer het, moet lede hom in kennis stel van enige veranderinge wat hulle wil voorstel. Indien die sekretaris van die Kommissie nie binne die gemelde tyd kennis van voorgestelde veranderinge ontvang nie, word geag dat die konsep-notule die goedkeuring van die lede wegdra en handel die sekretaris van die Kommissie daarop en stuur 'n afskrif daarvan aan die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die inligting van die Minister. Indien egter besware ingedien word, stuur die sekretaris van die Kommissie afskrifte van die besware tesame met die notule aan die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die inligting van die Minister.

18. Die sekretaris van die Kommissie handel nie op konsep-notule waarteen beswaar ingebring is nie, tensy die voorsitter anders gelas.

19. Bekragtiging van die notule vind by die volgende vergadering van die Kommissie plaas.

20. Die sekretaris van die Kommissie kan, met goedkeuring van die Hoofargivaris, 'n ander lid van die Argiefpersoneel koöpteer om hom behulpsaam te wees met die uitvoering van sy sekretariële pligte.

VOORSITTER.

21. By die eerste vergadering na die benoeming van die Kommissie, kies die lede 'n voorsitter vir die ampstermyn van die Kommissie. Indien die voorsitter voor die verstryking van sy ampstermyn ophou om lid te wees van die Kommissie, kies die lede 'n ander voorsitter vir die onverstreke gedeelte van sy ampstermyn.

22. Die Hoofargivaris is die vise-voorsitter van die Kommissie en neem die stoel in wanneer die voorsitter nie 'n vergadering bywoon nie. Indien die voorsitter ophou om lid van die Kommissie te wees, neem die vise-voorsitter die stoel in tot tyd en wyl 'n ander voorsitter gekies is.

23. Die voorsitter van die Kommissie, sowel as die vise-voorsitter, kan aan die bespreking deelneem en in geval van staking van stemme het die voorsitter benewens sy gewone stem ook 'n beslissende stem.

24. Die voorsitter van die Kommissie is lid van al die staande sub-komitees wat die Kommissie benoem.

VERGADERING VAN DIE KOMMISSIE.

25. 'n Gewone vergadering van die Kommissie vind eenmaal per jaar plaas. Die Kommissie bepaal self waar en wanneer die vergadering plaasvind.

26. Kennisgewing van 'n gewone vergadering word aan lede gestuur om hulle ten minste ses weke voor die vergadering te bereik. Die afstuur van die agenda word beskou as voldoende kennisgewing van 'n gewone vergadering.

27. 'n Buitengewone vergadering van die Kommissie kan deur die Minister gelas word of op 'n versoek onderteken deur die voorsitter, die vise-voorsitter en drie ander lede, belê word.

28. 'n Buitengewone vergadering word belê by kennisgewing op 'n wyse soos deur die Voorsitter bepaal.

29. Enige lid wat 'n voorstel wil indien, moet die sekretaris van die Kommissie skriftelik daarvan in kennis stel. So 'n kennisgewing moet die sekretaris van die Kommissie ten minste twee volle weke voordat die vergadering plaasvind, bereik.

secretarial work connected with the meetings of the Commission, or the execution of the functions of the Commission.

15. The Secretary of the Commission shall, at least six weeks prior to the ordinary meeting of the Commission, send the agenda of the meeting as well as the draft annual report of the Commission to members.

The Secretary shall be responsible for the compilation of the said report.

16. As soon as possible after a meeting of the Commission the draft minutes of the meeting shall be circulated among the members.

17. Within thirty days of the circulation of the draft minutes by the Secretary of the Commission the members shall notify him of any amendments they wish to propose. If the Secretary of the Commission receives no notice of proposed amendments within the said period, the draft minutes shall be regarded as approved by the members and the Secretary of the Commission shall act thereon and shall forward a copy thereof to the Secretary for Education, Arts and Science for the information of the Minister. Should any objections be submitted, however, the Secretary of the Commission shall send copies of such objections together with the minutes to the Secretary for Education, Arts and Science for the information of the Minister.

18. The Secretary of the Commission shall not act on draft minutes to which any objection has been raised unless otherwise directed by the Chairman.

19. Confirmation of the minutes shall take place at the next meeting of the Commission.

20. The Secretary of the Commission may, with the approval of the Chief Archivist, co-opt another member of the Archives staff to assist him in carrying out his secretarial duties.

CHAIRMAN.

21. At the first meeting following the appointment of the Commission the members shall elect a Chairman for the term of office of the Commission. Should the Chairman cease to be a member of the Commission before the expiration of his term of office, the members shall elect another Chairman for the unexpired portion of his term of office.

22. The Chief Archivist shall be the Vice-Chairman of the Commission and shall take the chair in the absence of the Chairman from a meeting. Should the Chairman cease to be a member of the Commission the Vice-Chairman shall take the chair until such time as another Chairman is elected.

23. The Chairman of the Commission, as well as the Vice-Chairman, may take part in discussions and in the event of an equality of votes the Chairman shall, in addition to his deliberative vote, have a casting vote.

24. The Chairman of the Commission shall be a member of all the standing sub-committees appointed by the Commission.

MEETINGS OF THE COMMISSION.

25. An ordinary meeting of the Commission shall be held once a year. The Commission itself shall determine where and when such meeting is to be held.

26. Notice of an ordinary meeting shall be sent to members so as to reach them at least six weeks before the meeting. The forwarding of the agenda shall be regarded as sufficient notice of an ordinary meeting.

27. A special meeting of the Commission may be ordered by the Minister or may be convened on request, such request to be signed by the Chairman, the Vice-Chairman and three other members.

28. A special meeting shall be convened by notice as may be directed by the Chairman.

29. Any member who wishes to submit a proposal shall notify the Secretary of the Commission thereof in writing. Such notice shall reach the Secretary of the Commission at least two full weeks before the meeting is to be held.

30. Voorstelle wat ontstaan uit besprekings op die vergadering, moet skriftelik ingedien word, onderteken deur die voorsteller en sy sekondant. In gebreke hiervan, sal dit beskou word dat die voorstel teruggetrek is, al het die Kommissie by meerderheid van stemme die voorstel goedgekeur.

KWORUM.

31. Op enige vergadering van die Kommissie maak nie minder as een-derde van die totale aantal lede nie 'n kworum uit.

32. Die Kommissie bepaal sy eie reglement van orde en reëls betreffende die prosedure by en die belê van vergaderings in sover dit nie in stryd is met hierdie regulasies nie.

STAANDE KOMITEES.

33. Die Hoofargivaris is die voorsitter van staande subkomitees en bepaal waar en wanneer vergaderings gehou word. Hy het 'n gewone stem en by staking van stemme ook 'n beslissende stem.

34. Die voorsitter van 'n staande komitee kan, indien hy dit wenslik ag, sake wat normaalweg aan die komitee vir bespreking voorgelê moet word, deur middel van korrespondensie met die lede van die komitee afhandel.

35. Indien die voorsitter van 'n staande komitee verhinder word om 'n vergadering van die komitee by te woon, kan hy enige lid van die Argiefpersoneel as sy plaasvervanger benoem.

36. (1) Die Hoofargivaris kan in oorleg met die Kommissie 'n amptenaar van sy personeel aanwys om die sekretariële pligte van enige komitee wat die Kommissie aanstel, waar te neem.

(2) Kennisgewing van vergaderings word deur die sekretaris van 'n komitee aan lede gestuur volgens reëls wat die komitee self bepaal.

37. Die sekretaris van elke staande komitee stel, nie later as die 30ste dag van November nie, die sekretaris van die Kommissie in kennis van *al* die vergaderings wat sy komitee gedurende die jaar gehou het. Indien die komitee sake deur middel van korrespondensie afgehandel het, verstrek die sekretaris van die staande komitee 'n volledige lys van alle sake wat aldus afgehandel is aan die sekretaris van die Kommissie.

KOMITEES: ALGEMEEN.

38. 'n Komitee bepaal sy eie reglement van orde en reëls betreffende die prosedure by en die belê van vergaderings in sover dit nie in stryd is met hierdie regulasies nie.

DEEL II.

VERNIETIGING VAN WAARDELOSE DOKUMENTE EN OORPLASING VAN REKORDS NA ARGIEFDEPOTS.

1. 'n Regeringskantoor moet alle stukke, dokumente of ander materiaal, behalwe dié waarvoor die Argiefkommissie vernietigingsmagtiging verleen het, behoorlik bewaar en versorg tot tyd en wyl sodanige stukke, dokumente of ander materiaal in ooreenstemming met regulasies 6 to 11 na die Argief oorgeplaas word.

2. Alle aansoeke om stukke, dokumente of ander materiaal wat waardeloos geag word, te vernietig, en waarvoor daar geen vernietigingsmagtiging bestaan nie, moet aan die Hoofargivaris gerig word en moet vergesel wees van —

(a) 'n skedule in viervoud waarin die volgende besonderhede uiteengesit word:—

Item No.	Lêer, rekord of vorm No.	Beskrywing.	Tydperk wat stukke beslaan.	Opmerkings.

30. Proposals arising from discussions at the meeting shall be submitted in writing signed by the proposer and the seconder, failing which the proposal shall be deemed to have been withdrawn, even if the Commission has approved the proposal by a majority of votes.

QUORUM.

31. At any meeting of the Commission a quorum shall consist of not less than one-third of the total number of members.

32. The Commission shall lay down its own standing orders and rules regarding the procedure at and the convening of meetings in so far as they are not inconsistent with these regulations.

STANDING COMMITTEES.

33. The Chief Archivist shall be the Chairman of standing sub-committees and shall determine where and when meetings shall be held. He shall have a deliberative vote, and in the event of an equality of votes, a casting vote as well.

34. Should he consider it desirable, the Chairman of a standing committee may dispose of matters which should normally be submitted to the committee for discussion, by means of correspondence with the members of the committee.

35. Should the Chairman of a standing committee be prevented from attending a meeting of the committee he may designate any member of the Archives staff as his substitute.

36. (1) The Chief Archivist may, in consultation with the Commission, designate an officer of his staff to undertake the secretarial duties of any committee appointed by the Commission.

(2) Notice of meetings shall be sent to members by the Secretary of a committee in accordance with rules laid down by the committee itself.

37. The Secretary of every standing committee shall, not later than the 30th day of November, advise the Secretary of the Commission of *all* the meetings held by his committee in the course of the year. If the committee has disposed of matters by means of correspondence, the Secretary of the standing committee shall furnish the Secretary of the Commission with a complete list of all the matters thus disposed of.

COMMITTEES: GENERAL.

38. A committee shall lay down its own standing orders and rules regarding the procedure at and the convening of meetings in so far as they are not inconsistent with these regulations.

PART II.

DESTRUCTION OF VALUELESS DOCUMENTS AND TRANSFER OF RECORDS TO ARCHIVES DEPOTS.

1. A government office shall be responsible for the proper custody and care of all records, documents or other material except those authorised by the Archives Commission to be destroyed, until such time as such records, documents and other material are transferred to the Archives in accordance with regulations 6 to 11.

2. All applications for authority to destroy records, documents or other material which are considered valueless and for which no destruction authority exists, shall be addressed to the Chief Archivist and shall be accompanied by —

(a) a schedule in quadruplicate containing the following particulars:—

No. of Item.	No. of File Record or Form.	Description.	Period covered by records.	Remarks.

In die „opmerkingskolom” moet die redes verstrek word waarom die rekords as waardeloos beskou word en vermeld moet word of die inligting wat die rekords bevat elders verkrygbaar is, en, indien wel, die plek en vorm waarin dit elders verkrygbaar is. Indien hierdie besonderhede, sowel as enige ander inligting wat nodig mag wees om die Hoofargivaris in staat te stel om die aard en inhoud van die rekords te kan beoordeel, te lank is om in die opmerkingskolom opgeneem te word, moet dit in die diensbrief waarin vernietigingsmagtiging aangevra word, of in 'n verduidelikende memorandum, verstrek word.

(b) 'n Volledige lys van alle Wette, Ordonnansies, Proklamasies, Goewermentskennisgewings en Regulasies wat oor die onderwerpe handel wat in die stukke weerspieël word.

3. Die Hoofargivaris kan van 'n Regeringskantoor wat aansoek doen om stukke, dokumente of ander materiaal wat waardeloos geag word, te vernietig, verlang om verdere inligting oor gemelde stukke te verskaf en/of eksemplare van sodanige stukke, dokumente of materiaal wat waardeloos geag word, aan hom voor te lê. In die geval van korrespondensielêers kan die Hoofargivaris vereis dat die sleutel tot die liasseerstelsel aan hom voorgelê moet word sodat hy in staat sal wees om die lêers waarvoor vernietigingsmagtiging aangevra is, te kan beoordeel in verhouding tot die hele korrespondensiestelsel waarvan dit 'n gedeelte uitmaak.

4. Onmiddellik nadat 'n Regeringskantoor waardeelose stukke, dokumente of ander materiaal wat waardeeloos geag word, kragtens enige magtiging van die Argiefkommissie, vernietig het, moet sodanige Regeringskantoor 'n sertifikaat van vernietiging, in drievoud, in die volgende vorm aan die Hoofargivaris stuur:—

„Ek sertifiseer hiermee dat die rekords wat op die onderstaande lys verskyn, vandag vernietig is:—
(Naamtekening)
Datum (Ampstitel)

Lêer, rekord of vorm No.	Onderwerp.	Tydperk.	Magtiging No. en Datum.”

Stukke, dokumente of ander materiaal wat waardeeloos geag word, moet in hulle numeriese volgorde op die lys verskyn.

5. Die Hoofargivaris kan in oorleg met die betrokke Regeringskantoor aanbevelings aan die Argiefkommissie doen in verband met die vernietiging van alle stukke in 'n Openbare Argiefdepot, wat waardeloos geag word.

6. 'n Regeringskantoor moet die Hoof van die betrokke Openbare Argiefdepot in kennis stel van die aard van die stukke, dokumente of ander materiaal wat hy voornemens is om daarheen oor te plaas, asook die liniêre voet rakruimte wat sodanige stukke, dokumente of ander materiaal vir huisvesting sal benodig.

7. Stukke, dokumente of ander materiaal wat na 'n openbare Argiefdepot oorgeplaas word, moet vergesel wees van 'n lys in tweevoud, waarin besonderhede soos volg oor die stukke, dokumente of ander materiaal, uitgesit word:—

„Ek sertifiseer hiermee dat die ondervermelde rekords vandag na die Openbare Argiefdepot te oorgeplaas is.
Datum (Naamtekening)
(Ampstitel)

Item, band of pakket No.	Lêer, register of vorm No.	Beskrywing.	Tydperk.”

The reasons for considering the records valueless shall be given in the “remarks” column and it must be stated whether the information contained in the records is obtainable elsewhere, and, if so, the place and form in which it is obtainable elsewhere. Should these particulars, as well as any other information which may be required to enable the Chief Archivist to assess the nature and contents of the records, be too lengthy to be filled in in the “remarks” column, they must be furnished in the official letter in which authority for destruction is requested or in an explanatory memorandum.

(b) A complete list of all Acts, Ordinances, Proclamations, Government Notices and Regulations dealing with the subjects reflected in the records.

3. The Chief Archivist may require a government office requesting authority for the destruction of records, documents or other material considered valueless, to furnish further information regarding the said records and/or to submit specimens of such records, documents or material considered valueless. In the case of correspondence files the Chief Archivist may require the key to the system of correspondence to be submitted to him to enable him to assess the files for which authority for destruction was requested in relation to the whole filing system of which they constitute a part.

4. Immediately after a government office has under any authority of the Archives Commission destroyed valueless records, documents or other material considered valueless, such government office shall send a certificate of destruction, in triplicate, to the Chief Archivist in the following form:—

“I hereby certify that the records appearing in the following list were destroyed to-day:—

(Signature)
Date (Official designation)

No. of File, Record or Form.	Subject.	Period.	No. of Authority and Date.”

Records, documents or other material considered valueless must appear on the list in their numerical order.

5. The Chief Archivist may, in consultation with the government office concerned, make recommendations to the Archives Commission in connection with the destruction of all records considered valueless in a public archives depot.

6. A government office shall advise the head of the public archives depot concerned of the nature of the records, documents or other material which he intends transferring to such depot, as well as the shelf space, in linear feet, which will be required for the accommodation of such records, documents or other material.

7. Records, documents or other material transferred to a public archives depot shall be accompanied by a list, in duplicate, setting out particulars of records, documents or other material as follows:—

“I hereby certify that the following records were to-day transferred to the Public Archives Depot at

(Signature)
Date (Official designation)

No. of Item, Volume or Package.	No. of File, Register or Form.	Description.	Period.”

Stukke, dokumente of ander materiaal wat oorgeplaas word, moet in hulle behoorlike numeriese volgorde op die lys verskyn.

8. Dokumente wat nie ingebind is nie, moet in *netjiese pakkette opgemaak en styf vasgebind word*. Sodanige pakkette moet ook duidelik en voldoende gemerk word.

9. Slegs in uitsonderlike gevalle sal Openbare Argiefdepots rekords sonder hulle betrokke registers en/of indekse in ontvangs neem.

10. Nadat die stukke, dokumente of ander materiaal teen die lys, in regulasie 7 hierbo vermeld, gekontroleer is, stuur die Openbare Argiefdepot die duplikaatafskrif, tesame met 'n erkenning van ontvangs, aan die kantoor wat die stukke, dokumente of ander materiaal oorgeplaas het.

11. Wanneer 'n Regeringskantoor stukke, dokumente of ander materiaal wat reeds na 'n Argiefdepot oorgeplaas is, benodig of inligting daaruit verlang, moet die nommer en datum van die erkenning van ontvangs van die Openbare Argiefdepot in regulasie 10 hierbo vermeld, verstrek word, sowel as die item, band of pakketnommer, tesame met die beskrywing soos dit op die lys verskyn, wat ten tye van oorplasing opgestel is.

DEEL III.

DIE OPENBARE GEBRUIK VAN DIE ARGIEWE.

1. Argiefdepots is vir die publiek oop vanaf 'n kwartier na die begin van die gewone amptelike werksdag tot 'n kwartier voor die einde van die werksdag.

Geen dokumente word gedurende die laaste halfuur van die werksdag vanuit die brandkamers gehaal nie.

2. Dokumente, bande dokumente en dergelike materiaal mag deur die publiek slegs in die leeskamer geraadpleeg word.

STILTE MOET IN DIE LEESKAMER GEHANDHAAF WORD.

3. (a) Op elke dag wanneer 'n persoon 'n dokument vir navorsingsdoeleindes raadpleeg, moet hy sy naam, beroep en adres in 'n boek, wat vir dié doel in die leeskamer gehou word, aanteken.

(b) Elke besoeker wat nie 'n navorser is nie, moet sy naam, beroep en adres in 'n afsonderlike besoekersboek wat vir dié doel gehou word, aanteken.

4. In die leeskamer van 'n Argiefdepot word 'n navorsingsregister gehou waarin die onderwerp waarvoor navorsingswerk gedoen word, die doel waarvoor dit onderneem word, en die permanente woonadres van elke navorser, ingeskryf word.

Die inskrywing betreffende elke stuk navorsingswerk moet deur die betrokke navorser onderteken word.

Die navorser moet ook skriftelik onderneem om die Argief van enige verandering, uitbreiding of wysiging van die onderwerp waarvoor hy werk of enige verandering van sy permanente woonadres, in kennis te stel.

5. 'n Navorser moet vir elke dokument, band dokumente of dergelike materiaal wat hy wens te raadpleeg, 'n afsonderlike kaartjie invul, onderteken, dateer en aan die toesighoudende beampte van die leeskamer oorhandig. Laasgenoemde moet die besonderhede in 'n register van geraadpleegde dokumente, wat in die leeskamer gehou word, aanteken.

Geen dokument, band dokumente of dergelike materiaal sal voorgelê word alvorens so 'n kaartjie, behoorlik ingevul, ingehandig is nie.

Teen die einde van elke werksdag word alle dokumente, bande dokumente of dergelike materiaal uit die leeskamer verwyder en nuwe kaartjies sal deur die navorser ingevul moet word as hy dit weer die volgende dag wil gebruik, tensy hy in die dokumente, bande dokumente of dergelike materiaal 'n kaartjie plaas met die woorde „Hou Uit” daarop geskryf. In so 'n geval word die dokumente, bande dokumente of dergelike materiaal vir die navorser gereserveer en word hy onthef van die verpligting om nuwe kaartjies vir hulle die volgende dag in te vul.

Records, documents or other material transferred must appear on the list in proper numerical sequence.

8. Unbound documents shall be made up into *neat packages and securely tied*. Such packages shall also be clearly and adequately marked.

9. Only in exceptional cases will public archives depots accept records without their relevant registers and/or indexes.

10. After the records, documents or other material have been checked against the list referred to in regulation 7 above, the public archives depot shall send the duplicate copy, together with an acknowledgement of receipt, to the office which has transferred the records, documents or other material.

11. When a government office requires either records, documents or other material already transferred to an archives depot, or information contained therein, the number and the date of the public archives depots' acknowledgement of receipt, referred to in regulation 10 above, shall be furnished, as well as the item, volume or package number, together with the description given in the list compiled at the time of transfer.

PART III.

PUBLIC USE OF THE ARCHIVES.

1. Archives depots shall be open to the public from fifteen minutes after the commencement of the normal official working day until fifteen minutes before the end of the working day.

No documents shall be fetched from the strong-rooms during the last half hour of the working day.

2. Documents, volumes of documents and similar material may be consulted by the public in the reading-room only.

SILENCE SHALL BE MAINTAINED IN THE READING-ROOM.

3. (a) On every day on which a person consults a document for research purposes he shall enter his name, occupation and address in a book kept in the reading-room for that purpose.

(b) Every visitor other than a researcher shall enter his name, occupation and address in a separate visitor's book kept for that purpose.

4. In the reading-room of an archives depot a research register shall be kept in which the subject of research, the object thereof and the permanent residential address of every researcher shall be entered.

The entry regarding every piece of research work shall be signed by the researcher concerned.

The researcher shall also undertake in writing to notify the Archives of any change, extension or modification of the subject of his research or change in his permanent residential address.

5. A researcher shall complete, sign, date and hand over to the officer in charge of the reading-room a separate card for every document, volume of documents or similar material which he wishes to consult. The officer in charge shall enter the particulars in a register of consulted documents which is kept in the reading-room.

No document, volume of documents or similar material shall be produced before such card, duly completed, is handed in.

Towards the end of every working day all documents, volumes of documents or similar material shall be removed from the reading-room and fresh cards shall be completed by the researcher should he wish to use the material again the following day unless he places cards bearing the words "Keep Out" in the documents, volumes of documents or similar material, in which case the documents, volumes of documents or similar material will be reserved for the researcher and he will be exempted from completing fresh cards the following day.

6. Wanneer 'n navorser 'n dokument, band dokumente of dergelike materiaal nie meer nodig het nie, besorg hy dit aan die toesighoudende beampte van die leeskamer en ontvang hy die kaartjies wat hy daarvoor ingevul het, terug.

'n Navorser word verantwoordelik gehou vir 'n dokument, band dokumente of dergelike materiaal aan hom uitgereik, solank voormelde kaartjie in die besit van die toesighoudende beampte van die leeskamer is.

7. Niemand word toegelaat om te eniger tyd meer as drie dokumente, bande dokumente of dergelike materiaal gelyktydig te raadpleeg nie, behalwe met die spesiale toestemming van die hoof van die betrokke Argiefdepot.

8. Die grootste versigtigheid moet in die hantering van dokumente en bande dokumente beoefen word, veral as die bladsye omgeblaai word.

Niemand mag op enige dokument of band dokumente, wat aan die Argief behoort, leun of die papier waarop hy skryf daarop plaas nie.

Ingeval 'n navorser verlang om met sy vinger die stuk wat hy skryf te volg, moet hy 'n strook papier onder sy hand plaas: sy kaal hand mag nie op die oorspronklike rus nie.

Niemand mag 'n dokument of band dokument waarvan hy 'n afskrif maak met die hand waarin hy die pen vashou, aanraak nie. Elke band dokumente moet op 'n boekstaander geplaas word.

'n Navorser wat mikrofilms raadpleeg, mag onder geen omstandighede 'n rol film self in die lesers plaas of daaruit verwyder nie. Die toesighoudende beampte van die leeskamer moet hierdie werk verrig.

9. As 'n navorser, terwyl hy 'n dokument gebruik, enige bladsy bevlek, skeur of beskadig, moet hy dit onmiddellik aan die toesighoudende beampte van die leeskamer rapporteer, en ingeval hy 'n vlek, skeur of beskadiging van enige aard sien, moet hy dit insgelyks rapporteer, by gebreke waarvan hy daarvoor verantwoordelik gehou kan word.

10. Niemand mag in potlood of andersins enige merk aanbring op enige dokument, band dokumente of boek wat aan die Argief behoort of toevertrou is nie.

11. Geen natreksel of foto van 'n dokument, band dokumente of dergelike materiaal mag sonder spesiale toestemming van die Hoofargivaris of die hoof van 'n Argiefdepot gemaak word nie.

12. Niemand mag onder enige omstandighede toegelaat word tot die brandkamers of die biblioteek, tensy hy van 'n Argiefbeampte vergesel is nie.

Geen dokument, band dokumente of ander materiaal van watter aard ookal, mag van 'n rak, kabinet of bewaarplek verwyder of teruggeplaas word, behalwe deur 'n Argief beampte nie.

